



Benut wetenskap vir sukses op lang termyn

Mnr. Llewellyn Angus glo aan totale prestasietoetsing (met vrugbaarheid altyd vooropgestel), deelname aan die vleisbeesgenomikaprojek, sinvolle teeldoelwitte wat in die stoeterye se genetiese neigings weerspieël word en die terugploeg van sy kennis en ervaring in die stoetbedryf. FOTO: CHARL VAN ROOYEN

Enige boerdery of onderneming se doelwit is om op lang termyn volhoubaar wins te maak. Om dit te kan bereik, moet 'n beesboer sy doelwitte prioriteer, korrekte seleksie toepas en deurgaans die wetenskap benut, sê mnr. Llewellyn Angus, eienaar van die Vleisbeesverbeteringskudde van die Jaar.

LBW VRA ...

MNR. LLEWELLYN ANGUS WAT DIE BESTE BESLUIT WAT JY AL GENEEM HET?

Om destyds na aangeplante weidings oor te skakel.

WIE WAS JOU MENTOR?

My pa, Willie, en Peter Massmann, wat vir 29 jaar rasdirekteur van die Simmentaler-Simbra-beestelersgenootskap was.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL GEKRY HET?

Konsentreer altyd op die saak en nie op mense nie.

WAT IS DIE GROOTSTE BOERDERYFOUT WAT JY GEMAAK HET?

Om nie vinniger die nuutste tegnologie te gebruik pas nie. Gelukkig help my seun Gareth baie daarmee.

WAT IS DIE MOEILIKSTE DEEL VAN MODERNE BEESSBOERDERY?

Om ingelig te bly met behulp van die nuutste tegnologie en ontwikkelinge en dit toe te pas.

Dit was nie om dowe neutte nie dat die Landbounavorsingsraad (LNR) en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye mnr. Llewellyn Angus van die plaas Whispering Willows by Arlington in die Oos-Vrystaat vereer het met die prys as Vleisbeesverbeteringskudde van die Jaar vir 2017.

Sy Wisp-Will-kuddes ('n Simbra- en 'n Simmentalerstoetery) is uit 'n hele aantal ander finaliste as die beste van die bestes bekroon. Dit het die kroon gespan op jare lange doelgerigte seleksie, teling, die gebruik van wetenskaplike boerderymetodes en harde werk.

Wat word alles in aanmerking geneem met hierdie eerbewys? Daar word gekyk na kuddevrugbaarheid, bestuur, teeldoelwitte en hoe dit in die kuddes se genetiese neigings weerspieël word, betrokkenheid by opkomende boere, betrokkenheid by komitees, die bestuur van telersgenootskappe en ander dienste aan medeboere en die landbou.

Llewellyn glo aan goeie veld-en-weidingsbestuur. "Om 'n goeie veeboer te wees, moet jy eerstens 'n goeie weidingsboer wees," sê hy.

"Met ander woorde die voerfabriek op die plaas moet reg funksioneer. Dit impliseer genoeg voervoei dwarsdeur die jaar, streng dektye wat meebring dat koeie kalf en ooie lam wanneer die beste voer beskikbaar is en 'n streng beweiding-en-russtelsel om herstel moontlik te maak. Dan eers kan jy 'n goeie veeboer word." (Sien ook "Word eers grasboer, dan veeboer", *LBW*, 17 Maart 2017.)

GOEIE TEELWAARDES

Llewellyn, wie se seun Gareth saam met hom boer, vertel die teelwaarde vir maklike geboorte vir albei sy beerasse is positief en dié vir gewig op onderskeidelik 200, 400 en 600 dae is bo die rasgemiddelde. Die teelwaarde vir volwasse koeigewig is net effens bokant die rasgemiddelde. Llewellyn poog steeds om dit met seleksie tot by die rasgemiddelde te verlaag, want ligter koeie is doeltreffender omdat hulle 'n laer onderhoudbehoefte het.

Albei rasse se melkteelwaardes is effens onder die ras se gemiddelde. "Dit is nie vir my 'n probleem nie, want volgens die nuutste Amerikaanse navorsing kan 'n hoë teelwaarde vir melk tot laer herbesetting lei omdat die koeie se kondisie verswak as sy meer melk lewer."



'n Simmentalerkoei met 'n jong kalf. Vroulike diere wat gereelde kalf, is die hooftelwit. Tot 90% van die winsgewendheid van 'n koeikudde word deur koeivrugbaarheid bepaal. FOTO: CHARL VAN ROOYEN

INLAS: S6 Iyk Breedplan se Vyfster-eeerbewys wat Llewellyn vir volledige rekordhouding ontvang het. Dit is die hoogste eerbewys wat 'n stoetteler kan kry.

ONDER: Simmentalerspeenkalwers. Wisp-Will spits hom toe op die verskaffing van geharde bulle en vroulike diere aan die mark. Dit verg goeie bestuur en genetiese seleksie vir gehardheid. Kalwers moenie "sag" (met té veel byvoeding) grootgemaak word nie. FOTO: WISP-WILL



PLAASINLIGTING

LIGGING: Arlington, Vrystaat

NAAM: Whispering Willows, Florida, Liefdesvlei en Skiethoek

EIENAARSKAP: Trust

VERTAKKINGS: Simmentaler- en Simbrastoetery, kommersiële Merino's, wild, aangeplante weidings

VELDTIPE: Gemengde veld (hoofsaaklik rooigras)

GEMIDDELDE REËNVAL: 650 mm per jaar



KORTOM

■ 'n Stoetboer moet bepaalde teelwitte in rangorde van belangrikheid hê.

■ Doen akkurate prestasietoetsing en gebruik teelwaardes en ekonomiese indekse saam met visuele evaluasie as seleksiemiddele.

■ Bly op die hoogte van nuwe wetenskaplike ontwikkelings, soos die vleisbeesgenomikaprojek.

TIEN BEESBEGINSELS

Llewellyn volg tien beginsels om as stoetboer te slaag. "Dit is beginsels vir enige goeie veeboer en veral vir 'n goeie stoetboer," voeg hy by.

Dié beginsels is:

- Jy het die voorreg om met die Here se Skepping te werk. Handhaaf integriteit, nederigheid en dankbaarheid. Koop diere by die regte teler. Dan eers soek jy die regte bul uit.
- Meet om te kan weet. 'n Stoetboer (en 'n kommersiële boer) moet bepaalde teelwitte in rangorde van belangrikheid hê. Doen akkurate prestasietoetsing en gebruik teelwaardes en ekonomiese indekse as seleksiemiddele.
- Moenie tegelykertyd vir té veel eienskappe selekteer nie; eerder net vir die belangrikste eienskappe.
- Behandel alle diere eenders. Moenie sommige diere voortrek nie. Dan kan elkeen sy volle deel bydra. Teelwaardes is ook akkurater met groot groepe.
- Vrugbaarheid is altyd die hoofkriterium.
- Moet nooit die waarde van 'n bul onderskat nie. Die ou gesegde dat 'n goeie bul die helfte van die kudde is en 'n swak bul die hele kudde, bly nog 100% waar.
- Doen moeite om in kontak met kopers te bly.
- Bly op die hoogte van nuwe wetenskaplike ontwikkelings.
- Lynteling en inteling is nie goed vir diere se prestasie en fiksheid nie, hoewel dit miskien fenotipiese eenvormigheid kan bewerkstellig.
- Akkurate, genotipiese teelwaardes word tans ontwikkel, wat 'n kombinasie van genomiese merkerdata met bestaande teelwaardes is. Die teler se akkurate rekordhouding sal 'n gunstige rol daarin speel. Wees deel van genomika.

WISP-WILL SE TEELDOELWITTE

Llewellyn en Gareth het ook agt teelwitte wat op hul Simmentalers en Simbras van toepassing is, in volgorde van belangrikheid:

- 1 VRUGBAARHEID EN RETENSIE.** Koeie wat gereeld kalf, is die belangrikste teelwitte. Tot 90% van die winsgewendheid van 'n koeikudde word deur koeivrugbaarheid bepaal. Die retensie van kalwers ná speen is onontbeerlik. Simdex word gebruik vir 'n vrugbaarheidsindeks, maar dit bly binne kudde- of bestuursgroepverband. Hulle volg die Simdexprogram wat ouderdom met eerste kalf, getal geboortes en tussenkalfperiode in ag neem. Indien alle diere dieselfde behandel word, is Simdex onontbeerlik as hulpmiddel binne 'n kudde. Inligting oor dae tot kalf word gaandeweg meer beskikbaar. Dae tot kalf is 'n vrugbaarheidsteelwaarde; dus ▶



Die teelwaardes vir vrugbaarheid en karkasgewig is ook positief, terwyl die randteelwaardes uitstekend is. " 'n Randteelwaarde is basies die omskakeling van die verskillende teelwaardes in 'n geldwaarde. Ons kry dit reg om baie kurweknakkerbulle te teel en aan die bedryf beskikbaar te stel. 'n Kurweknakker

is 'n bul met 'n ondergemiddelde geboortegewig en bogemiddelde groei wat weer afplat tot die rasgemiddelde met volwasse gewig. Hierdie hoogs gewenste eienskappe word dan na die bul se nageslag oorgedra. Dit beteken swaarder speenkalwers wat meer geld in die boer se sak sit," sê hy.

◀ 'n genetiese waarde vir vrugbaarheid. Omgewingsinvloede word, soos by alle teelwaardes, uit dié waarde gehaal. Diere kan dan oor kuddes heen regstreeks met mekaar vergelyk word.

Hoewel vrugbaarheid laag oorerflik is, het Wisp-Will oor die jare gevorder. Die twee rasse se kalfpersentasie saam is gemiddeld 94 en die speenpersentasie is bykans 90. Verse het 'n dektyd van 65 dae en koeie 75 dae. Verse bereik hul teikengewing vir teling (meer as 330 kg) op 18 maande. Omdat hulle twee dektye het, kry vroulike diere een kans in hul lewe om vir ses maande oor te slaan.

Die teelwaarde vir skrotumomvang word ook as seleksiemiddel vir vrugbaarheid gebruik. Gebruiksbulle se teelwaarde daarvoor

moet in die boonste 60 persentiel van die betrokke ras lê.

2 SELEKSIE VIR DOELTREFFENDHEID EN WINS deur geboortegemak, hoë groei en gemiddelde volwasse koeigewig word deur totale toetsing bereik. Die winsgewendste diere (bulle en verse) se geboortegewigteelwaarde is op of onder die rasgemiddelde. Vir groei is dit bogemiddeld, vir volwasse gewig by die gemiddelde en vir melk op of effens onder die rasgemiddelde. Hierdie koeie raak makliker weer dragtig.

Wisp-Will gebruik dus ekonomiese indekse en groeiteelwaardes as 'n sterk hulpmiddel. In die praktyk is hul koeie van albei rasse se volwasse gewig met tweede en verdere geboortes 500-550 kg wanneer hulle

hul kalwers speen. Ekonomiese indekse of randwaardes is 'n baie belangrike hulpmiddel en moet positief binne die ras wees. Dit is 'n ekonomiese samevoeging van sekere teelwaardes. Veral die indeks selfvervangende voerkraal-randwaarde (SFL) is hier van toepassing (wanneer vervangingsverse self geteel en speenbulle aan voerkrale verkoop word). Sowat 90% van hul bulkopers gebruik hierdie stelsel.

“Ons seleksie behels beplande parings gegrond op teelwaardes waar die kalwers min of meer bogenoemde teelwaardes toon met bogemiddelde SFL-indeks. “Dit is wat ons gebalanseerde teling noem,” sê Llewellyn.

Bogenoemde impliseer dat alle moontlike inligting ingewin moet word (totale toetsing), byvoorbeeld metings, gewig, skrotumomvang, heuphoogte, kondisietelling en karkasdata. 'n Teelwaarde vir netto voerinnome word ook ontwikkel danksy Wisp-Will en ander telers se deelname aan die Suider-Afrikaanse vleisbeesgenomikaprojek (BGP). Llewellyn sê dié projek word ál belangriker namate nuwe merkergeene gevind word. “Oor 'n paar jaar sal genomiese, beraamde teelwaardes (GBTW's) beskikbaar wees wat diere se merkergeene met prestasiedata kombineer. Akkurate en totale prestasietoetsing sal altyd 'n voorvereiste wees om hierdie kombinasie vir die boer te laat werk,” sê hy. Die GBTW's sal teelwaarde-akkuraatheid met 10% en meer verbeter.

3 STRUKUREEL KORREKTE DIERE vir teling en om teelmateriaal aan die bedryf te verskaf, word nagestreef. Visuele waarneming bly altyd belangrik, maar hulle doen eers 'n seleksie vir teelwaardes voor hulle na die visuele eienskappe van 'n dier kyk.



Llewellyn en sy seun, Gareth, wat saam met hom boer, in goeie aangeplante smutsvingergras. Hulle glo aan goeie veld- en weidingsbestuur en volg 'n tienpuntplan om dit reg te kry.
FOTO: WISP-WILL

HOEKOM HY GEWEN HET

Wat maak mnr. Llewellyn Angus se kuddes anders as al die ander kuddes van die ras en die ander rasse wat aan die kompetisie deelgeneem het?

Goeie weiding en veldbestuur is die beginpunt van goeie veeboerdery, “wat nog te sê van stoetboerdery”. Totale prestasietoetsing (met vrugbaarheid altyd vooropgestel) en deelname aan die vleisbeesgenomikaprojek, sinvolle teeldeelwitte wat in die stoeterie se genetiese neigings weerspieël word en die terugploeg van sy kennis en ervaring in die stoetbedryf, wat hy aan opkomende boere oordra, is ook belangrik.

“Dit is die vier hoofaspekte,” meen Llewellyn. “En moenie die totale afhanklikheid van die Hemelse Vader uitlaat nie. Ken Hom in al jou doen en late.”

Hy sê hy en sy seun Gareth hou gereeld bees- en weidingsdae vir kommersiële en opkomende telers om inligting oor te dra sodat ander boere daarby kan baat vind. Hy mentor ook twee opkomende boere wat vir hom werk. Hulle het hul eie grond en vee, maar dit word saam met dié van Llewellyn bestuur.

Mnr. Wessel Motaung en Lefu Radebe werk al hul hele volwasse lewe lank op Whispering Willows en het in 1987 twee klein plasies bekom, wat Llewellyn aan die Departement van Grondsake verkoop het. Hy het hulle gehelp met die aansoek en oordrag na die Tweepoort-trust wat aan die twee gesinne behoort.

Llewellyn bied die afgelope twee dekades elke jaar 'n tweedagkursus oor beesseleksie vir landboustudente by die Sentrale Universiteit van Tegnologie

en die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein aan. Dit sluit genetiese beginsels en praktiese beoordeling in. By die Aldam-veeskool het hy al by vyf geleenthede lesings oor seleksie gegee. Hy is 'n interrasbeoordelaar wat ook in die buiteland optree.

Soos sy pa, wyle Willie, was Llewellyn voorsitter van die Simmentaler- en Simbragenootskap en het in 2012 die Golden Book-eerbewys van die Internasionale Simmentalervereniging ontvang vir dienste wat hy aan die bedryf gelewer het. Hy was in 2004 Breedplan se Suider-Afrikaanse Stoetteler van die Jaar en Landbouskrywers SA se Vrystaatse Boer van die Jaar. Verlede jaar het hy die Landbounavorsingsraad (LNR) se prys vir die Vleisbeesverbeteringskudde van die Jaar by sy lang lys prestasies gevoeg.

4 Wisp-Will se vee word toenemend 'n **OORWEGEND POENSKOPKUDDE.** Dit vergemaklik bestuur omdat die diere nie onthoorn hoef te word nie. Die diere moet egter eers aan visuele eienskappe voldoen en die gewenste teelwaardes hê voordat vir poenskoppe geselekteer word.

5 VERSKAFFING VAN GEHARDE BULLE EN VROULIKE DIERE aan die mark verg goeie bestuur en genetiese seleksie vir gehardheid. Kalwers moenie "sag" (met té veel byvoeding) grootgemaak word nie. Wisp-Will-beeste word wel vir veilings afgerond, maar nie op 'n intensiewe grondslag nie. Vee kry net die minimum byvoeding. Verder moet hulle loop om te gaan wei. Fiksheid is baie belangrik. Diere wat nie aanpas nie, word uitgeskot. "Vroulike diere wat elke jaar kalf, is goed aangepas," sê hy.

6 HOU DIE GENETIESE BASIS SO WYD MOONTLIK. Daarvoor word inteling op 'n aanvaarbare vlak (hoogstens 5-6%) gehou, veral by die Simbra met sy betreklik klein genetiese basis. Lynteling is onaanvaarbaar weens 'n afname in prestasie en vrugbaarheid.

7 GEE AANDAG AAN TIPE (ook fenotipe). Dit is ook belangriker by die Simbra as by die Simmentaler omdat die Simbra 'n ontwikkelende, sintetiese ras is wat soms diere oplewer wat nie fenotipies soos 'n Simbra lyk nie en dus geprul word, al is hulle struktureel korrek. 'n Simbra moet die visuele eienskappe van albei ouerrasse (Simmentaler en Brahman) toon. By die Simmentaler is die fenotipiese eienskappe byna 'n gegewe – die gevolg van baie dekades se suiwer teling.

8 VERBETER KARKASEIENSKAPPE (in die toekomst.) Inligting word daarvoor ingewin met ultrasoniese skadering en karkasdata. Geen seleksie word nog vir hierdie eienskappe toegepas nie.

BEPAALENDE MARKTE

Llewellyn sê: "Wisp-Will se Simmentalers word geteel vir die kommersiële boer vir kruis- of suiwer teling binne intensiewer stelsels en voedingstoestande. Hierdie ras het 'n hoër produksiepotensiaal as die Simbra.

Die Simbra word weer geteel vir die kommersiële boer vir suiwer of kruisteling binne ekstensiewer stelsels en voedingstoestande. Hierdie ras is meer gehard en beter aanpasbaar in ekstensiewe toestande danksy die Brahmangene."

Die stoetery se hoofdoel is om die kommersiële beesboer in staat te stel om meer geld te maak danksy hul teeldeelwitte. Komersiële boere het gewoonlik 'n bul-speenkalv-bemarkingstelsel en hou die verse vir teling. As Llewellyn sy topbulle aan stoettelers verkoop, word dit as 'n bonus beskou, want die kom-



mersiële boer is sy brood-en-botter. "Ons teel grootliks vir die kommersiële veeboer wat sy vee ekstensief aanhou en bulspeenkalwers verkoop," is Llewellyn se slotsom.

BENUT WETENSKAP

Telers weet gewoonlik wat hulle in 'n kudde moet verbeter en mik byvoorbeeld vir meer melk, swaarder speenkalwers of geboortegemak. "Maak seker jy prioritiseer jou doelwitte, maar onthou altyd dat vrugbaarheid die belangrikste eienskap is."

Korrekte seleksie is die regte manier om hierdie doelwitte te bereik. Die benutting van die wetenskap – in hierdie geval beraamde teelwaardes – saam met visuele voorkoms en strukturele korrektheid is die antwoord.

Daar moet reg deur die jaar in die diere se voedingsbehoefte voorsien word. Groei-eienskappe is 30-40% oorerflik, en die res kom van die omgewing se invloed (dus voeding).

'n Beraamde teelwaarde vir jaaroudgewig slegs gegrond op 'n dier se eie prestasie word só bereken: Gewig van die dier minus die gemiddelde gewig van die groep x oorerflikheid. Voorbeeld: (380 kg-350 kg) x 0,4 (40%) = 30 x 0,4 = +12 (gegrond op eie prestasie). **Seleksie deur middel van teelwaardes.** Onthou, as 'n mens na 'n dier kyk, is 70% van wat hy sien weens die omgewing en 30% is weens genetica (fenotipe = genotipe + omgewing).

Teelwaardes is die voorspelling van die genetiese waarde wat 'n dier vir sekere eienskappe het. Die dier se eie prestasie en stamboom en sy nageslag se prestasiedata word alles gebruik, asook korrelasies tussen eienskappe. Hoe meer inligting versamel word, hoe hoër word die akkuraatheid.

Kyk altyd na teelwaardes tesame met akkuraatheid. Llewellyn sê 60% akkuraatheid vir die eienskappe van jonger diere, byvoorbeeld 200 dae-gewig, is reeds 'n nuttige hulpmiddel vir seleksie. Bulle wat op veilings verkoop word, is gewoonlik 2-3 jaar oud ▶

Hierdie twee plaaswerkers het hul eie boerdery. Hulle is mnre. Wessel Motaung (links) en Lefu Radebe. Hul boerdery is in 'n familietrust en word saam met Llewellyn se boerdery bestuur. FOTO: WISP-WILL

HOE OM 'N BUL VIR JOU KUDDE TE SELEKTEER

Besluit eerstens wat die kudde se tekortkominge is, byvoorbeeld lae speengewig. Indien die kommersiële boer sy bulkalwers verkoop en die verse vir vervanging hou, werk hy volgens die selfvervangende voerkraalindeks.

Hy kan ook afsnypte op spesifieke teelwaardes plaas, soos geboortegewig en maklike geboorte. Maak seker die 200 dae-teelwaarde is ver bokant die gemiddelde.

Sommige beesrasse het nog nie ekonomiese indekse nie. Dan kan die bulkoper bloot afsnypte op sekere teelwaardes plaas en die bulle op die veilingskatalogus merk wat hierdie afsnypunt gehaal het. Dan eers doen hy 'n visuele waarneming van die bulle wat hy gemerk het vir struktuur en ander eienskappe. Dan eindig hy met 'n paar bulle waarop hy kan bieb. Moenie die mooiste bul op sigwaarde koop as hy nie op die lys is nie.

Teel beeste wat vir die boer en sy kopers die winsgewendste is, is Llewellyn se raad. Kyk altyd na teelwaardes in kombinasie met hul akkuraatheid. Koop slegs geregistreerde bulle en, indien moontlik, bulle met teelwaardes met 'n hoë akkuraatheid. Stel 'n goed gedefinieerde teeldeelwit op, maar moenie vir té veel eienskappe gelyktydig probeer teel nie.

Bo alles, hou dit eenvoudig, en, onthou, vrugbaarheid is altyd die belangrikste eienskap, sê hy.